PREDIKANTEPANEEL OPNAME, Mei 2020
Die predikant en die gemeente in week 10 van die COVID-grendeltyd

Die eerste 2020 Predikantepaneel vraelyste is in die tiende week van die grendeltyd ingevul. Die opname werp lig op predikante se behoeftes, persepsies en houdings te midde van die COVID-19 pandemie.

Steekproef

Die Predikantepaneel gebruik 'n 10% ewekansige *(simple random)* steekproef. Daar is tans 1312 NG Kerk predikante (1078 voltydse poste, 108 tentmakers en 126 termynposte). Die reponskoers was 64,5%.

Ouderdom

Daar het oor die laaste dekade heelwat jonger predikante in gemeentes gekom. Daar gaan ook 'n beduidende hoeveelheid predikante oor die volgende 5 jaar aftree.

Ouderdom (V2)	**2011**	**2020**
	%	**%**
jonger as 40 jaar	9.1	20.0
40 tot 59 jaar	78.8	51.8
60 jaar en ouer	12.1	24.7
Onbekend	0.0	3.5
Totaal	100.0	100.0

Geslag

Daar het oor die laaste dekade heelwat vroulike predikante in gemeentes gekom. Neem egter in ag dat vroue steeds moeiliker beroepe kry in die NG Kerk as hulle manlike eweknieë.

Jou geslag? (V1)	**2011**	**2020**
	%	**%**
Manlik	97.0	85.2
Vroulik	2.0	14.1
Onbekend	1.0	4.7
Totaal	100.0	100.0

Die invloed van tegnologie op die gemeente

Gemeentes is in die grendeltyd uitgedaag om vinnig aanlyn bedieninge te ontwikkel. Predikante moes op platforms begin kommunikeer waarvoor die meeste waarskynlik nie opgelei of gereed was nie. Die predikant se studeerkamer het 'n ateljee geword.

Predikante is van mening dat tegnologie 'n belangrike bydrae ten opsigte van die eredienste en liturgie lewer, maar 95% is dit eens dat tegnologie nié die persoonlike kontak tussen gelowiges kan vervang nie.

‘n Kritiese vraag, wat opgevolg sal word in die tweede Predikantepaneel van 2020, is waar die balans is tussen ‘n aanlyn bediening en die bou van verhoudings en koinonia in ‘n geloofsgemeenskap.

Finansiële uitdagings

Daar sal aandag gegee moet word aan die finansiële begeleiding van predikante en gemeentes. Die ekonomie krimp, armoede en werkloosheid neem toe. Hierdie toedrag van sake het ‘n wesenlik invloed op die gemeente en predikant se finansiële posisie.

Predikante is onseker of gemeentes hulle nog kan bekostig. Hierdie onsekerheid maak hulle aftrede moeilik.

Die meeste gemeentes sal kan oorleef maar tot ‘n derde van die gemeentes kan in die moeilikheid wees.

Predikante is nie so seker oor hulle persoonlike finansiële posisie nie.

Gemeente en gemeenskap

Gemeentes was in hierdie tyd baie betrokke by die nood in die gemeenskap. Byna al die gemeentes is by ‘n projek in die gemeenskap betrokke. Meer as die helfte van die gemeentes verskaf hulp deur middel van voedsel en kospakkies.

Die uitdaging bly die volhoubaarheid van projekte en ook om verder te beweeg na die generasie van ontwikkeling wat nie net nood verlig nie, maar op profetiese wyse die sistemiese uitdagings in die samelewing aanspreek.

Gemeente en netwerke

Die pandemie het die soeke na netwerke versnel en die sluit van vennootskappe oor grense bevorder.

In die eerste week van die inperking het ons ’n aantal predikante van verskillende gemeentes van oor die land - groot en klein, stad en platteland - gevra watter impak die COVID-19 pandemie op hulle bediening het. Die resultaat is gepubliseer op Bybel-Media se “Kieskerk”-platform as *Blitsnavorsing: Covid-19 en Gemeentes*. Daar was konsensus dat ’n bewussyn van die nood in die gemeenskap vinnig verhoog en dat die eerste bekommernis nou nie nét die gemeente is nie, maar ook die groter gemeenskap.

Hierdie aanvoeling is bevestig deur die Predikantepaneel opname. 63% van die NG Kerk se predikante is bewus van ’n “versnelde beweging vanaf ’n selfgerigte kerk na spontane, diensbare netwerke”. 72% voel hulleself deel van ’n netwerk van vennote wat strek oor verskillende grense. 84% sê hulle vind betekenis in hierdie tyd deur diens aan die gemeenskap.

’n Kerkbode peiling, ook vroeg in die grendeltyd, het hierdie tendens in die NG Kerk verder bevestig. Lidmate het hulle grootste behoefte aangedui as “die geleentheid om iets vir ander mense te doen”. Merkwaardig genoeg was hulle kleinste behoefte dat iemand hulle “help om sin te maak van alles wat gebeur”.

Predikante identifiseer faktore wat die funksionering van ’n netwerk in die gemeenskap effektief maak as vertrouensverhoudings, kommunikasie en ’n gesindheid van meelewing. Netwerke funksioneer goed wanneer rolspelers se persoonlike agendas en eer nié die botoon voer nie en wanneer die netwerke op meer as net “eie mense” gerig is. Politieke regulasies en inmenging in plaaslike gemeenskappe word gesien as ’n belemmering vir die effektiewe betrokkenheid van netwerke in die gemeenskap.

Die respons dat mense reeds te besig is om betrokke te raak, of nie die wil het nie, is besonder klein.

Predikante wil graag leiding aan hulle gemeentes gee om betrokke te raak in hulle breër plaaslike gemeenskappe. Hulle wil ook nie as gemeentes op hulle eie werk nie, maar as deel van netwerke wat oor grense strek.

Daar is tekens van die behoefte om vanuit ‘n historiese bewussyn te kan omgaan met ons verlede. Een opmerking lui: “Gister kan soms vir 'n tyd môre in skaakmat vang." Die vraag is watter rol ’n bewussyn en die hantering van historiese bevoorregting en benadeling in die bou van wedersydse vertroue en volhoubare netwerkvorming speel? Hierop sal ons ook verder invra in die opvolg van hierdie paneel.

Leierskap

Predikante is oor die algemeen positief oor hulle leierskapvaardighede. Hulle is die *sekerste* van hulle vermoë om die gemeente te begelei om hulle roeping in die plaaslike gemeenskap te onderskei. Hulle is die *onsekerste* oor hulle vermoë om ruimtes te ontwikkel waarbinne rasseversoening in die gemeenskap kan plaasvind en om ’n plaaslike ekumeniese liggaam te help ontwikkel.

Predikante vra dat hulle vaardighede ontwikkel moet word om leierskap in ‘n multi-kulturele opset te kan bied, ekumeniese netwerke in die gemeenskap te kan vestig en die konteks te kan interpreteer. Voorbeelde hiervan is kultuursensitiwiteit, die verstaan van verskillende kulture, veeltaligheid, om ‘n swart taal te kan praat, groter begrip vir swart kulture, netwerkvaardighede oor ras- en ekumeniese grense heen, die vermoë om die gemeenskap se vertroue te wen, die hantering van paradigmaverskuiwings, onderskeiding van waarmee God besig is.

Predikante vra verder dat hulle algemene leierskap- en bestuursvaardighede verbeter word, asook hulle vermoë as om as persoon geestelike leierskap te bied. Voorbeelde hiervan is fasilitering, visionering, strategiese bestuur, administrasie, kommunikasie- en luistervaardighede.

Dit is opvallend dat leierskap glad nie genoem word as ’n sleutelfaktor vir goeie netwerke nie. Is dit omdat leierskap moontlik nog verbind word met meer hiërargiese, aggressiewe en kompeterende dimensies eerder as met empatiese, konsulterende, samewerkende en verhoudingskeppende dimensies? Het ons ’n verruiming van die definisie van leierskap in die NG Kerk nodig?

Persoonlike geloof

Predikante spandeer in die grendeltyd meer tyd aan hulle persoonlike geloofslewe. Hulle lei ŉ vervulde lewe, kon daarin slaag om gemoedsrus te behou, ontdek hulle werk as ŉ bron van betekenis in hulle daaglikse lewe en doen gereeld fisiese oefening om liggaam en denke in balans te hou. Ongeveer die helfte van predikante dui aan dat God hulle in hierdie tyd tot geloof terugroep.

Die helfte van die predikante het teen week 10 van die grendeltyd ŉ nuwe geloofsgewoonte begin beoefen. Voorbeelde word genoem soos stilte en refleksie, “mindfulness”, skryf en die beoefening van eenvoud.

Hieroor kan verder besin word, want daar is waarskynlik ‘n onlosmaaklike verhouding tussen persoonlike spiritualiteit en die leierskapsvermoë om dieper versoening in gemeenskappe te fasiliteer.

Singewing

Geen predikant sien die pandemie as ‘n straf van God op menslike sondigheid nie en slegs 3,7% is onseker daaroor. Hierdie was die sterkste eenstemmige respons in die vraelys.

Predikante het ook nie in teorieë oor ‘n geheime komplot agter die koronavirus ingekoop nie, hoewel ‘n vyfde hieroor onseker was.

Die regering se reaksie is in die vroeë stadium van die pandemie oorwegend positief beoordeel, alhoewel daar tóé reeds ‘n redelike mate van onsekerheid was daaroor.

Daar is breë instemming dat die nagevolge op die reaksie op die pandemie erger gaan wees as die pandemie self. Geen predikant het hier aangedui het dat hulle beslis *nie* saamstem nie.

Predikante is oortuig dat ekonomiese realiteite ‘n groter rol moet speel in die regering se besluitneming. Tegelyk is daar ‘n groter sensitiwiteit vir die ongelykhede in die samelewing en die bevoordeelde posisie waarin die verlede ons geplaas het.

Daar is ambivalensie oor die vraag of daar onder die ramptoestand vordering met versoening gemaak word. (Neem in ag dat die vraelys voltooi is op 28 Mei, vóór die *#blacklivesmatter* veldtog die wêreld getref het.)

Roeping van die NG Kerk

Predikante beskryf die roeping van die NG Kerk vir die volgende 5 jaar veral in terme van diensgerigtheid. Die kategorieë van versoening, betrokkenheid in die gemeenskap en hoop word ook na vore gebring.

Ditl lyk belangrik om nou te vra hoe predikante bemagtig gaan word om leiding te gee in die nadraai van die pandemie. Gemeentes gaan immers noodgedwonge op die ekonomiese uitdagings in hulle gemeenskappe moet reageer.

Wanneer predikante praat oor “handevat oor kultuur- en taalgrense heen” het dit bykans uitsluitlik te make met vorme van barmhartigheidswerk. Ons weet egter dat barmhartigheidswerk, belangrik soos dit mag wees, nie ‘n genoegsame respons op die ekonomiese uitdagings van ons gemeenskappe is nie.

Wanneer predikante praat oor die roeping van die NG Kerk vir die volgende 5 jaar, is die klem sterk op “diens” maar nie op byvoorbeeld “geregtigheid” en “publieke getuienis” nie. Die jong predikantepaneel van 2019 (predikante onder 40 jaar oud) het hierdie aspekte sterker uitgelig – hoewel hulle in die praktyk van hulle bediening hoofsaaklik ook barmhartigheidswerk doen .

Neem weer eens in ag dat daar ‘n sensitiwiteit by NG Kerk predikante is vir die ekonomiese ongelykheid in ons samelewing en (hoewel in ‘n mindere mate) vir ons historiese bevoordeling.

Hoe kan predikante bemagtig word om gemeentes se rol en werk in plaaslike gemeenskappe op so ‘n wyse te lei dat dit versoening dien deur die dieper strukturele dimensies van armoede en ongelykheid aan te spreek?

Ten slotte

Dankie aan elke predikant wat aan die paneel deelgeneem het. Dit het verseker dat ons die stem van die NG Kerk predikant in die Covid-19 grendeltyd duidelik kon hoor.

Mag hierdie navorsing bydra tot goeie en wyse onderskeiding van ons roeping in die huidige konteks.

Ons sien uit na die 2020 opvolg, wat eersdaags gedoen word.

Kobus Schoeman, Cobus van Wyngaard, Lourens Bosman, Pieter van der Walt
ALGEMENE SINODE TAAKSPAN NAVORSING

Addemdum: Data

Hierdie vraelys het navraag gedoen oor perspektiewe en behoeftes van predikante te midde van die uitdagings en geleenthede van die Covid-19 pandemie.

Steekproef

Die volgende groepe vorm die universum waaruit die steekproef getrek word:

A1	Voltydse predikante	1078
A2	Tentmakers	108
A3	Termynpos	126
Totaal		1312

'n Ewekansige (simple random) steekproef van 10% (131) is getrek.
Respons: 85 (64,5%).

Biografiese inligting: Frekwensietabelle

1. Jou geslag? (V1)	**2011**		**2020**	
	N	**%**	**N**	**%**
Manlik	96	97	69	85.2
Vroulik	2	2	12	14.1
Onbekend	1	1	4	4.7
Totaal	99	100	85	100.0

2. Ouderdom (V2)	**2011**		**2020**	
	N	**%**	**N**	**%**
jonger as 40 jaar	9	9.1	17	20.0
40 tot 59 jaar	78	78,8	44	51.8
60 jaar en ouer	12	12.1	21	24.7
Onbekend	0	0.0	3	3.5
Totaal	99	100	85	100.0

3. Jare in die bediening? (V3)	**2011**		**2020**	
	N	**%**	**N**	**%**
minder as 10jaar	5	5.1	14	16.5
10 tot 19 jaar	26	26.2	10	11,8
20 tot 29jaar	43	43,4	30	35.3
30 jaar en meer	25	25.3	28	32.9
Onbekend	0	0	3	3.5

Totaal	99	100.0	85	100.0

4. Aantal gemeentes bedien (V4)	**N**	**%**
1 of 2	45	52.9
3 of 4	28	32.9
5 of meer	9	10.6
Onbekend	3	3.5
Totaal	85	100.0

5. Gemeente grootte (totale lidmaattal) (V5)	**N**	**%**
Familie (300 of minder)	13	15.3
Pastoraal (301 tot 800)	29	34.1
Program (801 tot 1500)	23	27.1
Korporatief 1501 of meer)	17	20.0
Onbekend	3	3.5
Totaal	85	100.0

6. Gemeente streek (V6)	**N**	**%**
Stad	36	42.4
Platteland	46	54.1
Onbekend	3	3.5
Totaal	85	100.0

Leierskap

Stem jy met die volgende stellings saam of nie? Ek het genoeg vaardighede om die volgende leierskaprolle te speel	Stem beslis saam	Stem saam	Neutraal of onseker	Stem nie saam nie	Stem beslis nie saam nie
... die gemeente te lei om ons roeping in ons plaaslike gemeenskap te onderskei (V7)	29	49	3	1	
	35.4	57.6	3.5	1.2	
... te help om deelnemende prosesse in die gemeenskap te ontwikkel (V8)	16	50	14	2	
	18.8	58.8	16.5	2.4	

... gemeentelede toe te rus om ‘n groter rol in die gemeenskap te speel (V9)	23	46	11	2	
	27.1	54.1	12.9	2.4	
... om ’n plaaslike ekumeniese liggaam te help ontwikkel (V10)	14	46	17	5	
	16.5	54.1	20.0	5.9	
... ’n positiewe rol te speel om ruimtes te ontwikkel waarbinne rasseversoening in die gemeenskap kan plaasvind (V11)	15	37	24	5	1
	17.6	43.5	28.2	5.9	1.2
... gemeenskapsprojekte saam met ander plaaslike rolspelers te ontwikkel (V12)	20	51	9	2	
	23.5	60.0	10.6	2.4	
... komplekse kontekste te interpreteer om sinvol daarbinne op te tree (V13)	17	47	14	4	
	20.0	55.3	16.5	4.7	
... om die gemeente deur prosesse van verandering te begelei (V14)	21	47	7	5	
	24.7	55.3	8.2	5.9	

Persoonlike geloof

Stem jy met die volgende stellings saam of nie?	Stem beslis saam	Stem saam	Neutraal of onseker	Stem nie saam nie	Stem beslis nie saam nie
Ek spandeer in die grendeltyd meer tyd aan my persoonlike geloofslewe (V16)	21	37	12	11	1
	24.7	43.5	14.1	12.9	1.2
Hierdie pandemie het my as ’n mens verander (V17)	16	20	23	20	2
	18.8	23.5	27.1	23.5	2.4

Ek lei ’n vervulde lewe tydens die pandemie (V18)	27	41	10	3	1
	31.8	48.2	11.8	3.5	1.2
Ek kon daarin slaag om gemoedsrus in die tyd te behou (V19)	32	41	6	3	
	37.6.	48.2	7.1	3.5	
Ek ontdek my werk as ’n bron van betekenis in my daaglikse lewe (V20)	23	49	8	1	1
	27.1	57.6	9.4	1.2	1.2
Om my gedagtes met ander te deel verlig my angstigheid (V21)	16	43	16	6	1
	18.8	50.6	18.8	7.1	1.2
God roep my in die pandemie terug tot geloof (V22)	13	31	20	11	6
	15.3	36.5	23.5	12.9	7.1
Ek doen gereeld fisiese oefening om my liggaam en denke in balans te hou (V23)	32	33	7	8	2
	37.6	38.8	8.2	9.4	2.4
Ek bid meer sedert die uitbraak van die pandemie (V24)	8	31	20	19	4
	9.4	36.5	23.5	22.4	4.7
Ek het in die tyd van afsluiting ’n nuwe geloofsgewoonte begin beoefen (V25)	10	30	15	20	6
	11.8	35.3	17.6	23.5	7.1

Indien wel, noem die gewoonte(s) (V26)

Slegs 50% van die respondente het by die oop vraag iets ingevul. Dit korreleer met vraag 17 en, uiteraard, vraag 25: “Ek het in die tyd van afsluiting ’n nuwe geloofsgewoonte begin beoefen” Stem sterk saam 11.8%; Stem saam 35.3%

Die volgende is die mees prominente response:

1. **Stilte en meditasie** (13 response) Korreleer met die respons op vraag 16: Ek spandeer in die grendeltyd meer tyd aan my persoonlike geloofslewe
   Stilword en reflekteer; meer tyd vir meditasie en stilword; beoefening van stilte
2. **Mindfulness** (7 response)
   Dankbaarheid, dieper medelye en empatie, God begin raaksien in klein dingetjies, dieper nadenke en verwondering oor die gewone, diepe nadenke oor konteks.

3. **Skryf** (6 response)
   Skryf 'n blog om lidmate hoop in Christus te gee. Dagstukkies saamstel wat myself in die proses geestelik verryk het. Elke dag 'n oordenking skryf
4. **Benut elektroniese media** (5 response)
   Volg elektroniese Bybelstudie en eredienste, neem deel aan aanlyn kursusse en Bybelskool
5. **Aanpassing in Lewenstyl** (5 response)
   Leef eenvoudiger. Kon dagprogram beter orden. Nuwe tydsgleuf vir persoonlike stiltetyd

Singewing

Stem jy met die volgende stellings saam of nie? (uitgedruk as ’n persentasie)	Stem beslis saam	Stem saam	Neutraal of onseker	Stem nie saam nie	Stem beslis nie saam nie
Die pandemie is ’n Goddelike straf as gevolg van menslike sondigheid (V27)	0.0	0.0	3.7	19.5	76.8
Daar is geen godsdienstige of geestelike betekenis in die pandemie nie, dit gebeur net (V28)	12.2	18.3	14.6	37.8	15.9
Die pandemie is ‘n onbedoelde gevolg van globalisering (V29)	9.8	43.9	24.4	18.3	3.7
Ek vertrou op die wetenskap en tegnologie om die koronavirus pandemie te oorwin (V30)	6.1	58.5	18.3	13.4	3.7
Ek vind betekenis in hierdie tyd deur diens aan die gemeenskap (V31)	26.8	57.3	11.0	3.7	1.2
Ek dink ons regering hanteer die pandemie baie goed (V32)	4.9	41.5	31.7	14.6	7.3
Die huidige reaksie op die pandemie se nagevolge gaan erger as die pandemie self wees (V33)	22.0	40.2	26.8	11.0	0.0
Ekonomiese realiteite moet ’n groter rol speel in die regering se besluitneming (V34)	20.7	46.3	17.1	13.4	1.2
Ek dink daar is een of ander sameswering aan die gang (V35)	1.2	4.9	22.0	26.8	45.1
Ek beleef dat ons groter gemeenskap sedert die begin van die ramptoestand vordering maak met versoening (V36)	3.7	39.0	28.0	24.4	4.9

Die pandemie maak my meer bewus van die ekonomiese ongelykhede in ons samelewing (V37)	19.5	63.4	7.3	7.3	2.4
Die pandemie laat my besef dat ek as gevolg van ons land se verlede ekonomies bevoordeel is (V38)	15.9	45.1	9.8	20.7	8.5

Gemeente

Stem jy met die volgende stellings saam of nie? (uitgedruk as ’n persentasie)	Stem beslis saam	Stem saam	Neutraal of onseker	Stem nie saam nie	Stem beslis nie saam nie
1. Tegnologie het ons gemeente gehelp om sinvol voort te gaan met ons eredienste en liturgie (V39)	59.8	36.6	2.4	1.2	0.0.
2. My studeerkamer het ’n ateljee geword (V40)	36.6	41.5	6.1	12.2	3.7
3. Tegnologie kan die persoonlike kontak van die gemeenskap van gelowiges vervang (V41)	0.0	4.9	3.7	51.2	40.2
4. Daar het ’n versnelde beweging plaasgevind vanaf ’n selfgerigte gemeente na spontane, diensbare netwerke (V42)	8.6	54.3	27.2	9.9	0.0
5. Ek voel my deel van ’n netwerk van vennote wat oor verskillende grense strek (V43)	15.9	56.1	18.3	9.8	0.0
6. Hierdie gemeente kan my nie meer finansieel bekostig nie (V44)	1.2	15.9	34.1	31.7	17.1
7. Die pandemie gaan veroorsaak dat hierdie gemeente nie kan oorleef nie (V45)	1.2	2.4	28.0	51.2	17.1
8. Ek is bekommerd oor my eie finansiële situasie (V46)	9.8	25.6	22.0	28.0	14.6
9. Hierdie pandemie maak my aftrede op ouderdom 65 onmoontlik (V47)	8.5	14.6	30.5	25.6	20.7

Gemeenskapsbetrokkenheid

Byna al die gemeentes is by ‘n projek in die gemeenskap betrokke (V48). Meer as die helfte van die projekte behels die verskaffing van voedsel en kospakkies (V49)

Gemeenskapsbetrokkenheid (uitgedruk as %)	**Ja**	**Nee**
Ons gemeente is betrokke by ‘n projek(te) in die gemeenskap (V48)	97.6	2.4

Ons gemeente is betrokke by ‘n projek(te) in die gemeenskap … Indien ja, verduidelik asseblief (V49)	**N**	**%**
1.Voedsel, kospakkies, sopkombuise, projekte	69	51.5
2. Verskaf wifi, internet	2	1.5
3. Jeug, studente, kinderhuise, skole	11	8.2
4. Versorg seniors, aftree oorde	7	5.2
5. Oornag skuiling verskaf, ondersteun	2	1.5
6. Pastorale versorging, geestelike ondersteuning	5	3.7
7. Finansiële ondersteuning, koepons	5	3.7
8. Klere, maskers, komberse	8	6.0
9. Deur ring, netwerk, NPO, CMR	22	16.4
10. Gemeente fasiliteite beskikbaar	3	2.2
Totaal	134	100.0

Indien jy of die gemeente betrokke is in ‘n effektiewe netwerk in die gemeenskap, watter enkele faktor maak die funksionering van die netwerk effektief? (V50)	**N**	**%**
1. Vertrouensverhoudinge	27	25.0
2. Gemeenskaplike doelwitte	3	2.8
3. Meelewende gesindheid	11	10.2
4. Ekumeniese visie	4	3.7
5. Geen Respons	13	12.0
6. Kommunikasie/ sosiale media	23	21.3
7. Bestuur en koordinering	6	5.6
8. Samewerking	8	7.4
9. Sleutelpersoneel	3	2.8
10. ‘n Champion	3	2.8
11. Neem eienaarskap	2	1.9
12. Genade	1	0.9
13. Eer menswaardigheid	2	1.9
14. Soek nie eie eer	2	1.9
TOTAAL	108	100.0

Wat belemmer die effektiewe funksionering van netwerke in die gemeenskap? (V51)	**N**	**%**
1. Sorg vir eie mense nou prioriteit	2	1.9
2. Rassisme	5	4.6
3. Meerderwaardigheid	1	0.9
4. Gerig op self	5	4.6
5. Oorlewingstryd	2	1.9
6. Politieke regulasies en inmenging	14	13.0
7. Nie geantwoord	10	9.3
8. Kan nie omgaan met verskil	6	5.6
9. Materialisme	1	0.9
10. Oorweldig deur omvang van nood	1	0.9
11. Gebrekkige kommunikasie	14	13.0
12. Doelwitte word nie gedeel	4	3.7
13. Persoonlike agendas en eer	11	10.2
14. Fisiese geskeidenheid	3	2.8
15. Gebrek aan onderlinge vertroue	11	10.2
16. Finansies	7	6.5
17. Gewilligheid om te help	5	4.6
18. Mense reeds te besig	3	2.8
19. Koordinering en bestuur	1	0.9
20. Ontvangers nie eerlik	2	1.9
TOTAAL	108	100.0

Vertel iets van die beste ervaring wat jy in die gemeente sedert die uitbreek van die pandemie gehad het waar gelowiges van verskillende kulture en tale hande gevat het om die gemeenskap te help. (V52)	**N**	**%**
1. Kosprojekte	23	28.4
2. Gemeente personeel	1	1.2
3. Ekumeniese netwerke van predikante	3	3.7
4. Weet nie, het nog nie so iets beleef nie	5	6.2
5. Beskikbaar maak van fasiliteite	3	3.7
6. Interafhanklikheid van gemeenskap	2	2.5
7. Bande in NG familie	4	4.9
8. Hulpverlening oor grense	21	25.9
9. Gebed oor grense	2	2.5
10. Gesamentelike online eredienste	1	1.2
11. Verhoudings met mense in nood	1	1.2
12. Positiewe verhoudings in gemeenskap	3	3.7
13. Donasies	7	8.6
14. Algemene samewerking in netwerke	3	3.7
15. Positiewe verhouding met/belewenis van owerhede	2	2.5
TOTAAL	81	100.0

Toekoms en roeping van die kerk

Beskryf die roeping van die NG Kerk vir die volgende 5 jaar in een sin. (V53)	N	%
1. Diens algemeen	19	17.6
2. Versoening	7	6.5
3. Vernuwing	2	1.9
4. Versorging (primêr van lidmate)	5	4.6
5. Missionaal	5	4.6
6. Publieke getuienis	2	1.9
7. Evangelisasie (maar in woord en daad)	6	5.6
8. Inklusief	5	4.6
9. Dissipelskap	4	3.7
10. Oor grense heen	8	7.4
11. Bring hoop	7	6.5
12. Fokus op die woord van God	4	3.7
13. Bring stabiliteit in die NG Kerk	5	4.6
14. Betrokke in die gemeenskap	7	6.5
15. Geregtigheid	2	1.9
16. Menswaardigheid	1	0.9
17. Versigtig om te antwoord	3	2.8
18. Volg Christus in die gemeenskap	6	5.6
19. Integriteit	1	0.9
20. Sending algemeen	1	0.9
21. Vorm lidmate	2	1.9
22. Nuwe identiteit in Christus	1	0.9
23. Spiritualiteit	2	1.9
24. Van kerk hou na verskil maak	3	2.8
TOTAAL	108	100.0